Die Stad City of **Bloemfontein**

GEREGTELIKE HOOFSTAD VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA — HOOFSTAD VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
JUDICIAL CAPITAL OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA — CAPITAL CITY OF THE ORANGE FREE STATE


| Posbus/ P.O. Box | Fax | Tel | Ons verw/ Our ref | U verw/ Your ref |
|---|---|---|---|---|
| 3704 9300 | (051) 4058108 | (051) 4058676 | 2/3/2 H W Alberts | |


21 September 1993

The Technical Secretary
Commission on the Demarcation/
Delimitation of S.P.R.'S
P.O. Box 307
ISANDO
1600

COMMISSION ON REGIONS
REF: 1/11/ 20 / 73

Dear Doctor

**ORAL EVIDENCE: CITY OF BLOEMFONTEIN**

Your letter 1/11/22/20 dated 1993.06.16 refers.

Attached our written report of evidence given on September 21, 1993 in Welkom before the Commission.

Yours faithfully

NSBotha

**DR N S BOTHA**
**CHIEF EXECUTIVE/TOWN CLERK**

**MEMORANDUM: CITY OF BLOEMFONTEIN: TO THE DEMARCATION BOARD, DEMARCATION OF AN O.F.S. REGION SEEN FROM A BLOEMFONTEIN PERSPECTIVE.**

## 1. INTRODUCTION

Various suggestions have already been presented for a proposed Orange Free State Region. Bloemfontein at present the capital city of the Orange Free State and also the judicial capital of the R.S.A. would like to present a proposal for this region seen from our perspective.

## 2. BLOEMFONTEIN AS THE CAPITAL CITY OF THE PROPOSED REGION

**2.1** Bloemfontein has been the main centre of this area since the previous century (1848.) As from 1910 it has also been the judicial capital of the R.S.A. Bloemfontein has for this period, with the exception of the Western Transvaal and certain areas of Bophuthatswana, been the main centre for the proposed region. (See Annexure "A").

**2.2** All the necessary infrastructure has already been installed in Bloemfontein to fulfil the function of a capital city for this area. To replace this infrastructure will not be economically viable.

**2.3 INFRASTRUCTURE**

As said above Bloemfontein as the nodal point of this area as pointed out in annexure "A". We would like to stress that various factors contribute towards this statement.

A study indicating this has been done by a consulting firm appointed by the City Council to establish the importance of such a statement. (The study attached is Annexure "B".)

From this study you will see that Bloemfontein already fulfil a most important function in the region apart from all the regional government centres that are situated in the city, the major agricultural societies, trade unions, professional associations, health organisations and various business institutions have their headquarters in the city. The relevant information is in Annexure "B".

To resettle all these offices is not only economically not viable but will cost the government and trade and industry billions of rand which to our opinion we can not afford and will contribute further to weaken our economy.

## 3.4 THABA NCHU, QWA-QWA AND LESOTHO

It must further be pointed out that a large portion of the present Bophuthatswana state is situated within 60 km from Bloemfontein, namely Thaba Nchu. ± 12 000 commuters travel from this area on a daily basis. The Bophuthatswana Government has by various occasions indicated that they see this area as a small "Israel". If the expectations of these people should be addressed, it means that Bophuthatswana should be part of this region. If this should realise the position of Bloemfontein should even be stronger as the nodal point of this area.

If as suggested that Qwa-Qwa will form part of the proposed area it even further stress the importance of Bloemfontein remaining the nodal point of this area.

Further there is the possibility that Lesotho may also in the future, in a proposed federal system, may decide to become part of the O.F.S. region. If this should realise you will find that Bloemfontein even more become relevant as the main centre for this area with all the infrastructure it can offer.

## 2.5 ECONOMICS

The Development Bank of S.A. has already indicated in a study that an area comprising of all the areas as indicated should have a positive per capita tax revenue.

As pointed above it will be most unpractical to abolish the present infrastructure already established for a capital city for this region, Apart from what it would cost in Rand terms it must also be discounted what the Government will do with all the state owned buildings in the city. The state own buildings of a value of ± R763,5 million in the city. To duplicate this will be most unrealistic.

## 2.6 ALTERNATIVE CAPITAL CITY

It must be pointed out that we feel that there is from our point of view no alternative for a capital city for this region. Welkom has however been mentioned in certain circles as a possible nodal point.

Without trying to speak for Welkom we must point out that the economy of Welkom is mainly based on their goldmine activities. With the fluctuating

price of gold we are of the opinion that this is a very risky base. At present thousands of people have been retrenched because of the present gold price. This had the result that various residential areas of this area was depopulated and a large number of houses are vacant.

As pointed out in 2.2 the influence of Bloemfontein in a 200 km radius is substantial. We have for this argument applied the same criteria to Welkom as indicated in annexure "C". This clearly points out that the influence of Welkom in a proposed region is not of the same importance as Bloemfontein.


**2.7 CONCLUSION**

In conclusion we are therefore of the opinion that Bloemfontein should remain the nodal point of this region even if the present proposals of the commission should be changed with the addition or omittance of any areas which do not form part of the present proposals of the commission.

NS Botha

**DR N S BOTHA**
**CHIEF EXECUTIVE/TOWN CLERK**

ANNEXURE "A"




# BLOEMFONTEIN SE INVLOEDSFEER OP SY OMGEWING

Annexure "B"



DEEL VYF

## ANDER ROLSPELERS IN DIE NODALITEITSFUNKSIE VAN BLOEMFONTEIN

In hierdie gedeelte word die individuele instansies geïdentifiseer wat 'n bydraende funksie het in die bepaling van Bloemfontein se nodaliteit.

21.57 **Provinsiale Administrasie**

Die uitgebreide funksionering van die Provinsiale Administrasie se vertakkinge word aangedui op die meegaande organigram. Diagram 21.I. Die drie hoofgroeperinge is Tak Gemeenskapsontwikkeling, Tak Gesondheidsdienste en die Tak Algemene Provinsiale Dienste. Sommige van die vertakkinge van elk van die hoofgroeperinge is meer sigbaar as ander. Hieronder kan genoem word die hospitaaldienste wat gelewer word by Nasionale en Universitas Hospitale, Bloemfontein, Provinsiale Hospitaal Bethlehem en Provinsiale Hospitaal Welkom.

21.58 Die Direktoraat Natuur- en Omgewingsbewaring, asook die Biblioteek- en Museumdienste is die mees opvallende aspekte van die onderskeie vertakkinge van die Provinsiale Administrasie. (Sien Bylae "A"). Onderwys het onlangs weer 'n funksie van die **Streekkantore van Staatsdepartemente** geword. Die afdelings van die Sentrale Regering word in Bloemfontein verteenwoordig deur 'n reeks streekkantore waaronder:

1. Administrasie/Raad van Verteenwoordigers
2. Administrasie Volksraad : Ministeriële verteenwoordiger (onlangs verval)
3. Gesondheidsdienste en Welsyn
4. Landbou-ontwikkeling
5. Glen Landbou Kollege
6. Landbou-voorligting
7. Onderwys en Kultuur (Sien Bylae "B")
8. Plaaslike Bestuur Behuising en Werke
9. Appèlhof (Sien Bylae "C")
10. Argief (Nasionale Opvoeding)
11. Binnelandse sake : Identiteitsdokumente, Geboortes, Sterftes en Huwelike
12. Waterwese en Bosbou
13. S.A. Kommunikasiediens
14. Streekontwikkeling
15. Finansies - Doeane en Aksyns
16. Finansies - Ontvanger van Inkomste
17. Kantoor vir Streekontwikkeling (Desentralisasie)
18. Hooggeregshof

19. Justisie : Hof vir klein eise, Landdroskantoor, Prokureur-Generaal
20. Korrektiewe dienste
21. Landbou : Plantbeheer, Veeartsenydiens, Ekonomie en Ontwikkeling
22. Openbare Werke en Grondsake : Landmeter-Generaal, Aktekantoor
23. Mannekrag
24. Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling
25. Nasionale Intelligensiediens
26. Nasionale Opvoeding : Argief; Sport en Ontspanning
27. Omgewingsake. Weerburo (Sien Bylae "D")
28. Onderwys en Opleiding (Sien Bylae "E")
29. Ouditeur-Generaal. Plaaslike Besture. Qwa Qwa.
30. S.A. Polisie
31. Pos en Telekommunikasie (nou geprivatiseer)
32. Transnet, Autonet en Spoornet (nou geprivatiseer)
33. S.A. Weermag : Kwartiermeester-Generaal, Kommandement OVS, Lugmag, Mediese Kommandement
34. Sentrale Statistiekdiens
35. Departement Vervoer (Sien Bylae F)
36. S.A. Buro vir Standaarde

Al hierdie staatsdepartemente wat in Bloemfontein verteenwoordig is, is eintlik die Regering in die kleine en hulle gesamentlike personeel verteenwoordig 'n beduidende groep van die inwoners. Enkele van die departemente of afdelings sal verdwyn met die afskaffing van die Kategorie: Eie Sake. Dit sal heelwat onnodige duplisering uitskakel veral t.o.v. die Departement Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke en die Dorperaad. Die staatsfunksies wat hier vervul word is gerig op die hele OVS-Streek.

21.59 **Streekkantore van organisasies wat 'n streekfunksie vervul, en wat in Bloemfontein gesetel is.**

Hieronder verskyn 'n lys van organisasies wat nie owerheidsliggame is nie, maar tog 'n streekfunksie het. Dit sluit in rade wat kwasi-geregtelik is.

21.60 **Organisasies en Liggame wat 'n streekfunksie in die Oranje-Vrystaat vervul!**

**Vervoer**

Automobiel Assosiasie
Nasionale Verkeersveiligheidsraad
National Automobile Parts Association

**Landbou**

Aartappelraad
Afrikaner-beestelersvereniging
Landbou-unie
Brahman-beestelersgenootskap
Bruin Switser-beestelersgenootskap van S.A.
Central Agricultural Society
Charolais Beestelersgenootskap
Corriedale Skaaptelersgenootskap
Dormer Skaaptelersgenoorskap van S.A.
Hackney-perdetelers
Herefordtelersgenootskap van S.A.
Ile de France skaaptelers-genootskap van S.A.
Landskaap Genootskap van S.A.
Limousin-beestelersgenootskap
Vleisraad
Nasionale Wolkwekersvereniging
Percheron Perdetelersgenootskap
Pig Breeders Society of S.A.
Pinzgauer-Beestelersgenootskap
Rooipoenskop Beestelersgenootskap van S.A.
S.A. Angus Telersgenootskap
S.A. Brahman Buro
S.A. Mutton Merino Breeders Society
S.A. Homing Union
S.A. Posduif Unie
S.A. Stamboekvereniging
S.A. Vleismerino-telersgenootskap
Saalperdtelersgenootskap van S.A.
Santa Gertrudis Beestelersgenootskap van S.A.
Sentrale Landbougenootskap
Switserse Beestelersgenootskap van S.A.
Vrystaatse Landbou-unie
Vrystaatse Melkprodusente Vereniging

**Vakbonde en Unies**

Amalgameerde Unie van Bouvakwerkers van S.A.
Industrial Council for the Building Industry
Industrial Council for the Electrical Contracting Industry
Industrial Council for the Furniture Industry
Industrial Council for the Motor Industry
Motor Industry Employers Association of S.A.
Motor Industry Medical Aid Fund
Motor Industry Staff Association
Motornywerheidsraad
National Education Health & Allied Workers Union
National Industrial Council for the Motor Industry
National Union of Metalworkers of S.A.
National Union of Distribution and Allied Workers Union
National Union of Furniture and Allied Workers.
S.A. Motor Industry Employers Association
S.A. Railway and Harbour Workers Union
Verpleegstersvereniging (Streekkantoor)
Vereniging van Munisipale Werknemers
S.A. Typographical Union

**Professionele Ligaame**

Vereniging van Advokate
Fedhasa (Federasie van hoteleienaars in S.A.)
Instituut van Eiendomsagente
Instituut vir Verpleegkunde
Jockey Club of S.A.
Onderwysersvereniging van die OVS
Prokureursorde van die OVS
Public Accountants and Auditors Board
Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters
Instituut van Eiendomsagente
Professionele liggaame vir Argitekte, Bourekenaars, Ingenieurs

**Gesondheidsorg**

Geestesgesondheidvereniging
Hospice Home Care Service (Nasionale Kankervereniging)
Nasionale Kankervereniging van S.A.
Kindersorgvereniging vir Kleurlinge
Vereniging vir Ligaamlik-gestremdes
Nasionale Beroepsveiligheid Vereniging
Council for Child & Family Welfare
National Tuberculosis Association
S.A. Noodhulpliga
S.A. Rooikruisvereniging
St. John Ambulance

**Ander**

Kleinsakeontwikkelingskorporasie Bpk.
Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede
National Institute for Crime prevention and rehabilitation of Offenders
National African Federated Taxi Organisation
Natuurlewevereniging van S.A.
Oranje-Vrouevereniging
Performing Arts Council OFS
Sentrale Streekopleiding
SABS Buro vir Standaarde
S.A. Nasionale Skietvereniging
S.A. Toerismeraad
Steeksontwikkelingsadvieskomitee
S.A. Poskantoor Bpk.
Telkom S.A. Bpk

DEEL 6

**VRAELYSTE I.V.M. VOORRAADAANKOPE DEUR VRYSTAATSE BESIGHEDE (Steekproef)**

**Inleiding**

21.61 Omdat daar nie met sekerheid kon gesê word wat die omvang van besighede in die OVS se aankope in Bloemfontein is nie, is daar besluit om 'n beperkte steekproef van sulke aankope te doen. Die begrensings van die steekproef was die volgende:

1. 187 Vraekaartjies is versend na besighede in die OVS om 'n tendens van aankoopgewoontes te bepaal. 'n 33% respons is verkry.

2. Feitlik alle dorpe in die OVS is betrek behalwe Sasolburg wat op Vanderbijlpark, Vereeniging en Johannesburg vir sy aankope aangewys is.

3. Slegs besighede is gekies wat op die oog af substantief is. Dit was meestal bepaal aan die hand van vetdruk-inskrywings in die telefoongids.

4. Slegs besighede is gekies wat klaarblyklik aankope van voorraad moet doen ten einde 'n besigheid te bedryf.

5. Die steekproef is beperk en is nie bedoel om deurtastend of omvattend te wees nie. Slegs die eerste aanduidings van tendense is uit die gegewens abstraheer.

TABEL T.21.II .......

TABEL T.21.II

## OPSOMMING VAN VRAELYSTE AAN VRYSTAATSE DORPE

| | | Persentasie aankope in Bloemfontein | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dorp | Naam van Besigheid | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-100 |
| Allanridge | Bosch Apteek | | | | | | | | | | |
| | Liquor Town | | | | | | | | | | |
| | Cornelia Slagtery | | | | | | | | | | |
| | Star Supermark | | | | | | | | | | |
| | This and That Shop | | | | | | | | | | |
| Arlington | Arlington Drankwinkel | | | | | | | | | | 90 |
| | Van's Elek. Verkoelingsdiens | | | | | | | | | | |
| Bethlehem | Andras Findt | | | | | | | | | | |
| | Chris Barnard Ingenieurswerke | | | | | | | | | | |
| | Batterysentrum | | | 20 | | | | | | | |
| | Bertus Naude Houtwerk | 1 | | | | | | | | | |
| | Bethlehem Apteek en Medisyne | | | | | | | | | | |
| | Bon Marché | | 10 | | | | | | | | |
| | Chemikalieë Groep | 0 | | | | | | | | | |
| | Delta Elektriese Dienste | | | | | | | | | | |
| | Dulux (Edms) Bpk | | | | | | | | | | |
| | Fernies Apteek | | | | | | | | | | |
| | Gemini Agencies | 0 | | | | | | | | | |
| | Martin Harris & Seuns | | | 20 | | | | | | | |
| | Nels Paneelkloppers (Edms) Bpk | | | | | | | | | | |
| | PG Glass | | | | | | | | | | |
| Bothaville | Balkind M (Edms) Bpk | 5 | | | | | | | | | |
| | H.O. Verspreiders BK | | | | | | | | | | |
| | L M Motors | 0 | | | | | | | | | |
| | Lazmaria's Outfitters | | | | | | | | | | |
| | Los Angeles General Dealer | | | | | | | | | | |
| | Monte Carlo Pakhuis | | | | | | | | | | |
| | New Metropolis Plastics | 0 | | | | | | | | | |
| | SAMCHEM (Edms) Bpk | 0 | | | | | | | | | |

| Dorp | Naam van Besigheid | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-100 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Brandfort | Anneke's Materiaal & Wolsentrum | | | | | | | | | | |
| | Eksteen Motors | | | | | | | | | | |
| | Hotel Elgro | | | | | | | | | | |
| | OVS Drankwinkel | | | | | | | | | | 98 |
| | Sentraalwes (Köop) | | 15 | | | | | | | | |
| | Walmay Drankwinkel | | | | | | | | | | 98 |
| Bultfontein | Bultfontein Bouhandelaar | | | | | | 50 | | | | |
| | Bultfontein Hout en Kole | | | | | | | | | | |
| | Marlyn Meubelvervaardigers | | | | | | | | | | |
| | Sandveld Motors | | | | | | | | | | |
| | Wes Vrystaat Landboudienste | | | | | | | | | | |
| Clarens | The Country Lodge | | | | | | | | | | |
| | Maluti Drankwinkel | | | | | | | | | | |
| Clocolan | Armour Brass Catridges Edms | | | | | | | | | | |
| | Clocolan Köop Bpk | | | | | | | | | | |
| | Groenspan Implemente (Edms) | 3 | | | | | | | | | |
| | M en M Bouers | | | | | | | | | | |
| Dealesville | Hotel Olien | | | | | | | | | | |
| | Peoples Choice | | | | | | | | | | |
| | Tuinhuis | | | | | | | | | | |
| Dewetsdorp | Chemaly Bros. (Edms) Bpk | | | | | | | | | | |
| | Masilo Bottle Store | | | | | | | | | | |
| | Sentraalwes (Köop) | | | | | | | | | | |
| Edenburg | Edenburg Handelshuis | | | | | | | | | | |
| | Edenburg Hotel | | | | | | | | | | |
| | Uitspan Kontantwinkel | | | | | | | | | | |
| Excelsior | Eureka Handelaars | | | | | | | | | | |
| | Springbok Kontantwinkel | | | | | | | | | 80 | |

| Dorp | Naam van Besigheid | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-100 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fauresmith | Hotel Phoenix | | | | | | | | | | |
| | Levin Abe Supermark | | | | | | | | | | |
| | Sentraalwes (Köop) | | | | | | 55 | | | | |
| Ficksburg | Arcadia Kem | | | | | | | | 75 | | |
| | Alwes Auto Spares | | | | | | | | | | |
| | B.T. Wholesalers | | | | | | | | | | |
| | Boutique Charmant | | | | | | | | | | |
| | Dereks Autolec & Radiators | | | | | | 50 | | | | |
| | Express Stocks | | | | | 40 | | | | | |
| | Ferdie Botha Apteek | | | | | | | | | | |
| Fouriesburg | Carolina Lodge | | | | | | | | | | |
| | Fouriesburg Apteek | | | | | | | | | | |
| | Fouriesburg Bottelstoor | | | | | | | | | | |
| Frankfort | Ben-Al Dienste | | | | | | | | | | |
| | D & A Herstelwerke | | | | | | | | | | |
| | Frankfort Apteek | | | | | | | | | | |
| | Skommeland | | | | | | | | | | |
| Harrismith | Afsaal Houtwerke | | | | | | | | | | |
| | Bears | | | | | | | | | | |
| | Bergview Rest Motel | 0 | | | | | | | | | |
| | Dales Apteek | | | | | 45 | | | | | |
| | Drakensberg Catering Equipment | | | | | | | | | | |
| | FT Building Supplies | | | | | | | | | | |
| | Gerlet Carpets | | | | | | | | | | |
| | Harrismith Radio & T.V. Sales | | | | | | | | | | |

| Dorp | Naam van Besigheid | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-100 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Heilbron | Commercial Hotel | | | | | | | | | | |
| | Heilbron Boubenodighede | 0 | | | | | | | | | |
| | Materiaal & Wolsentrum | | | | | | | | | | |
| | Milkrite Farm Dairy Equipment | | | | | | | | | | |
| | Stenhard Engineering Works | | | | | | 50 | | | | |
| | Van Heerde Glaswerke | | | | | | | | | | |
| Hennenman | Book & Sport | | | | | | | | | | |
| | Dairylab Supplies | 2 | | | | | | | | | |
| | Hennenman Apteek | | | | | | | | | | |
| | Marlene Grace Furniture (Edms) | | 15 | | | | | | | | |
| | Sentraalwes (Köop) bpk | | | | | | | | | | |
| Hertzogville | Van Aswegen's Garage | | | | | | | | | | |
| | Hertzogville Bande | | | | | | | | | | 90 |
| Hoopstad | Barnard C.J. & Seuns | | | | | 40 | | | | | |
| | Die Heide Hoekie | | | | | 40 | | | | | |
| | Hoopstad Drankwinkel | | | | | | | | | | |
| | Trentyre (OVS)(Edms) Bpk | | | | | | | | | | 95 |
| Jagersfontein | Sentrale Bakkery | | | | | 40 | | | | | |
| | Jagersfontein Beton- & Steenwerke | | | | | | | | | | |
| Kestell | Afrika Steenkool | | | | | | | | | | |
| | Berg's Meubelvervaardigers | | | | | | | | | | |
| | Kestell Apteek | | | | | | | | | | 90 |
| Koffiefontein | B.P. Implemente BK | | | | | | | | | 85 | |
| | Hotel Karee | | | | | | 50 | | | | |
| | Koffiefontein Drankwinkel | | | | | | | | | | |
| Koppies | Friesland Hotel | 0 | | | | | | | | | |
| | Frikkie Hefers Uitrusters | | | | | | | | | | |
| | Sentraalwes (Köop) Bpk | | | | | | | | | | |

| Dorp | Naam van Besigheid | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-100 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kroonstad | B J P Electrical | | | | | | | | | | |
| | Barotti Furnishers | | | | | | | | | | |
| | Bloch Furniture & Carpets | | | | | | | | | | |
| | Bradlows | | | | | | | | | | |
| | Catercraft Frozen Food Serv | | | | | | | | | | |
| | Commercial Gas Service | 0 | | | | | | | | | |
| | Crown Liquor Mart | | | | | | | | | | |
| | Dittberner Teëls | 0 | | | | | | | | | |
| | Golden Egg Restuarant | | | | | | | | | | |
| | Hancock A.E. (Pty) Ltd | | | | | | | | | | |
| | Hotel Toristo Protea | | | | | | | | | | |
| | Mike Lunderstedt Apteek | | | | | | | | | | |
| Ladybrand | Bakers Ltd | | | | | | | | | | |
| | Brightside Bottle Store | | | | | | | | | | |
| | Free State Utilities (Edms) | | | | | | | | | 80 | |
| | Panorama Motors | 3 | | | | | | | | | |
| | Riverside Lodge Hotel | | | | | | | | | 80 | |
| Lindley | Burma Kontantwinkel | | | | | | | | | | |
| | Pandora Staalverkope | 0 | | | | | | | | | |
| Marquard | Grobbies Duikkloppers | | | | | | | | | 80 | |
| | Hotel Marquard | | | | | | | | | | |
| | Lorko Drankwinkel | | | | | | | | | | |
| Memel | Meyers Trust Begrafnisdienste | 0 | | | | | | | | | |
| | Vrystaat Köop Bpk | 5 | | | | | | | | | |
| Odendaalsrus | Agenbag Motors | | | | | | | | | | |
| | Cash Building Supplies | | | | | | | | | | |
| | Commercial Hotel | | | | | | | | | | |
| | Hotel President | 0 | | | | | | | | | |
| | Joanette's | | | | | | | | | | |

| Dorp | Naam van Besigheid | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-100 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Parys | Auto Electric Parts | | | 20 | | | | | | | |
| | Bridge Lodge | 0 | | | | | | | | | |
| | Roodt Apteek | | | | | | | | | | |
| | Edenville Rollermeule | 5 | | | | | | | | | |
| Petrus Steyn | Petrus Steyn Ingenieursdienste | 0,5 | | | | | | | | | |
| | Vrystaat (Köop) | | | | | | | | | | |
| Petrusburg | Boeredienste | | | 20 | | | | | | | |
| | Petrusburg Hotel | | | | | | | | | | 100 |
| Philippolis | Hotel Oranjehof | | | | | | | | | | 90 |
| Reitz | Hotel Royal | | | | | | | | | | |
| Senekal | Biddulphs Bergoord | | | 25 | | | | | | | |
| | Oranje Drukkery Bpk | | | | | | | | | | |
| Smithfield | Sentraalwes (Köop) | | | | | | | 60 | | | |
| Steynsrus | Salem Pottebakkery | 3,5 | | | | | | | | | |
| Theunissen | Brent Chemicals | | | | | | | | | | |
| | P en F Algemene Handelaar | | | | | 40 | | | | | |
| Trompsburg | Fourie Radio en TV Sentrum | | | | | | | | | | |
| Ventersburg | New Ventersburg Hotel | | | | | | | | | | |
| | Ventersburg Drankwinkel | 0 | | | | | | | | | |
| Viljoenskroon | Allems Country Store | | | | | | | | | | |
| | Hotel Mahem | | | | | | | | | | |
| Villiers | Oranje Safari Restaurant | | | | | | | | | | |
| | Villiers Meubels | 0 | | | | | | | | | |
| Virginia | Almo Ingenieurswerke | | | | | | | | | | |
| | C en C Groonhandelmotorparte | | | | | | | | | | |
| | Doringboom Hotel | 0 | | | | | | | | | |
| | Hotel Deboneur | | | | | | | | | | |
| Vrede | Balmoral Hotel | | | | | | | | | | |
| | Vrede Express | | | | | | | | | | |

| Dorp | Naam van Besigheid | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-100 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vredefort | Hotel Vrystaat | | | | | | | | | | |
| Warden | OPI Hoek Drankwinkel | | | | | | | | | | |
| Welkom | Adam is in Town (Edms) Bpk | | | | | | | | | | |
| | Adcock E.J. | | | | | | | | | | |
| | Alcom Systems Pty Ltd | | | | | | | | | | |
| | Amalgamated Super Sales | | | | | | | | | | |
| | Avery Weegtoerusting | | | | | | | | | | |
| | Blitz Skrynwerkers | | | | | | | | | | |
| | Dagbreek Pharmacy | | | | | | | | | | |
| | Falmingo Drukkers | | | | | | | | | 80 | |
| | Goudverld Gordyn en Tapyt Sentrum | | | | | | | | | | |
| | Holiday Inn | | | | | | | | | | |
| | Maizey Plastics (Edms) Bpk | | | | | | | | | | |
| Wesselsbron | Wesselsbron Drankwinkel | | | | | | | | | | |
| Winburg | Hotel Winburg | | | | | | | | | | |
| | Sentraalwes (Köop) | | | | | | | | | | |
| Zastron | Maluti Hotel | | | | | 40 | | | | | |
| | Maluti Market Algemene Handelaar | | | | | | | | | | |

**Interpretasie**

21.62 Die mees opvallende verskynsels word hieronder aangeteken. Dit is slegs tendense wat met 'n gestratifiseerde steekproef be-oog is. Die respons van 33% moet as bevredigend beskou word. Vraelyste wat deur die pos gestuur is het meestal lae responsfrekwensies vanaf 3% tot 10%.

> "Die doel van enige opname is om inligting te bekom oor sekere karakteristieke van die populasie te bestudeer of te ondersoek ...... Dit kan gedoen word deur 'n sensus opname of deur sekere elemente van die populasie te selekteer. So 'n deel versameling van elemente staan gewoonlik bekend as 'n **steekproef**, en die betrokke opname as 'n steekproefopname". (Stoker, in RGN, 1989:92)

21.63 Die belangrikste oogmerk met die steekproef is om die streekfunksie van Bloemfontein vanuit die gegewens te identifiseer.

Uit die antwoorde kan die volgende tabel opgestel word:

**TABEL T.21.I**

| Aantal Besighede in respons | Persentasie van alle repondente | % Aankope in Bloemfontein | Alternatiewe Aankoopsentra |
|---|---|---|---|
| 17 | 27,48% | 0% | Johannesburg<br>Bethlehem<br>Pretoria<br>Welkom<br>Durban<br>Vereeniging<br>Newcastle<br>PWV-gebied |
| 9 | 14,51% | 1% - 10%<br>(Gemiddeld 5,5%) | Welkom<br>Johannesburg<br>Port Elizabeth<br>Kaapstad<br>Pretoria |
| 5 | 8,06% | 11% - 30%<br>(Gemiddeld 20,5%) | Johannesburg<br>Pretoria<br>Hipermarkte<br>Welkom<br>Potchefstroom |
| 9 | 14,51% | 31% - 50%<br>(Gemiddeld 40,5%) | Welkom<br>Johannesburg<br>Vereeniging<br>Aliwal Noord |
| 1 | 1,61% | 51% - 70%<br>(Gemiddeld 60,5%) | Landwyd |
| 14 | 22,58% | 71% - 90%<br>(Gemiddeld 80,5%) | Johannesburg<br>Botshabelo<br>Welkom<br>Kimberley<br>Ladybrand<br>Kaapstad<br>De Aar |
| 7 | 11,29% | 91% - 100%<br>(Gemiddeld 95,5%) | Welkom<br>Kroonstad |
| TOTAAL 62 | 100% | - | - |

21.64 Uit bostaande tabel kan die volgende afleidings gemaak word:

1. Meer as een-kwart van die respondente doen geen aankope in Bloemfontein nie.
2. Nagenoeg 50% van die respondente doen minder as 30% van hulle aankope in Bloemfontein.
3. 'n Beduidende groep (14,5%) doen tot 50% van hulle aankope in Bloemfontein.
4. 'n Verdere een-kwart doen van 51% - 90% van hulle aankope in Bloemfontein.
5. Slegs 11,29% van die respondente doen byna uitsluitlik hulle inkope in Bloemfontein.

**Gevolgtrekking**

21.65 1. Aangesien feitlik alle respondente aangedui het dat hulle omset meer as R250 000 per jaar is beteken die verlies aan handel vir Bloemfontein net t.o.v. dié respondente die volgende:

**TABEL T.21.IV**

| Aantal Respondente | Omset per jaar R | Persentasie aankope elders as Bloemfontein % | Aangepaste Omset R | Waarskynlike jaarlikse verlies vir Bloemfontein se sakesektor |
|---|---|---|---|---|
| 17 | R250 000 | 100% | 17 x 250 000 | R4 250 000 |
| 9 | R250 000 | 94,5% | 9 x 236 250 | R2 126 250 |
| 5 | R250 000 | 79,5% | 5 x 198 750 | R 993 750 |
| 9 | R250 000 | 59,5% | 9 x 148 750 | R1 338 750 |
| 1 | R250 000 | 39,5% | 1 x 98 750 | R 98 750 |
| 14 | R250 000 | 19,5% | 14 x 48 750 | R 682 500 |
| 7 | R250 000 | 4,5% | 7 x 11 250 | R 78 750 |
| 62 | | | | R9 568 750 |

21.66 Indien die ander 2/3 van die gelyksoortige besighede van die "geen-respons-groep" geag word minstens gelykwaardig aan die responsgroep te wees kan die totale waarde van die verlore besigheid vir Bloemfontein nie minder as 2 x R9 568 750-00 wees nie d.w.s. R19 137 500-00. Daarby moet gereken word dat die responsgroep nagenoeg 10% van die totale groep uitmaak (alle besighede wat saam met die responsgroep die geheelbeeld van 'n dorp se sakesektor uitmaak). Dit kan beteken dat in totaal die omset wat jaarliks vir Bloemfontein in sy eie streek verlore is 10 x R19 137 500 of R190 137 500 kan beloop.

21.67 Indien omset gereken word as as die waarde van goedere en dienste wat in 'n jaar verhandel is, is winste natuurlik hierby ingesluit. Dit beteken dat die werklike aankoopwaarde van goedere van 20 -30% laer kan wees en is dit 'n faktor in enige berekening. Winste word egter grotendeels weer belê in ander goedere en dienste sodat die gebuik van die omsetsyfer aanvaarbare distorsies bevat wat dit moontlik maak om die omsetsyfer vir berekeningsdoeleindes te gebruik. Daarbenewens het die meerderheid van besighede aangedui dat hulle omset "meer as R250 000" is sodat die gebuik van R250 000 as 'n norm ook geregverdig is.

21.68 Hierdie reuse potensiale mark is in afwagting van ontginning deur Bloemfontein se entrepreneurs wat weer, al is dit net ten dele, aan Bloemfontein sy plek as 'n nodale stad kan verseker.

Nie al die aankope wat elders gemaak was kan noodwendig deur plaasvervangende goedere van Bloemfontein voorsien gewees het nie. Tog dui die betreklike klein steekproef daarop dat Bloemfontein nie deur ander Vrystaatse dorpe gesien word as die aankoopmekka wat hy graag as distribusiesentrum sou wou wees nie.

21.69 Aangesien soortgelyke steekproewe nie in die verlede gedoen is nie is dit moeilik om te bepaal of daar 'n noemenswaardige verskuiwing van die aankooppatroon plaasgevind het. Een van die faktore wat wel 'n verskuiwing kan veroorsaak is die verskyning van koerierdienste op die toneel. Vir minstens die laaste vyf jaar het 'n groot aantal van hierdie ondernemings hulle dienste vir die verspreiding van goedere aangebied. Veral het hulle 'n belangrike rol gespeel in die spoedige aflewering van noodsaaklike onderdele vir die motorbedryf en die ingenieursbedryf. Wat dus vroeër van Bloemfontein bestel was kan nou direk van Johannesburg in 'n korter tyd gelewer word.

21.70 Selfs die beperkte opname hou sekere waarskuwings vir Bloemfontein se sakegemeenskap in. Die groot aantal besighede wat geen aankope in Bloemfontein doen nie, saam gelees met dié wat baie min hier koop, dui op 'n ongunstige tendens wat kan toeneem namate die verspreidingshulpmiddele sou toeneem. Bestellings kan nou ook skriftelik per faksmasjien deurgestuur word vir aflewerings die volgende dag.

**Gevolgtrekkings**

21.71 1. Die volume goedere wat in die OVS dorpe benodig word kan nie as vanselfsprekend geag word dat hulle oorsprong in Bloemfontein sal wees nie. Die stad was, en is nog, 'n belangrike verspreidingsentrum wat in die verlede, voor die koms van koerierdienste, 'n onontbeerlike rol as 'n subdepot vir 'n groot verskeidenheid van dienste en goedere vervul het. Motors word nie meer per trein versend nie. Afleweringsdienste lewer hulle per pad af na verlangde destinasies. Bederfbare goedere word na enige destinasie in die Vrystaat per vragmotor afgelewer direk vanaf die Johannesburg se varsgroentemark.

Die steeds versnelde tempo van goederenetwerke beteken dat Bloemfontein gaandeweg sy belangrikheid as 'n verspreidingsentrum kan verloor. Dit moet opgeweeg word teen die feit dat die verspreidingsfunksie die stad se belangrikste aktiwiteit is. Daar is nie 'n uitgebreide vervaardigingsektor wat kan vergoed vir enige verliese in die verspreidingsektor nie.

21.72 2. Ten spyte van die voorafgaande, bly die verspreidingsfunksie van Bloemfontein en sy nodaliteit t.o.v. die Vrystaat nog steeds indrukwekkend. Die lys van beheerliggame en organisasies wat hier gevestig is, is beduidend en sal hulle steeds vir die afsienbare toekoms so bly.

21.73 3. Die verspreidingsdienste van Bloemfontein kan egter aansienlik opgeknap word juis a.g.v. die aflewerinsdienste wat hulle oorsprong hier het. Indien die koeriers hulle teikenvelde kan koördineer, deur nie aflewerings te laat oorvleuel nie, kan aflewerings van belangrike goedere nog 'n volle dag vroeër gedoen word as wat vanaf afgeleë sentra die geval is. Indien daar nie 'n gekoördineerde poging is om die verlore geleenthede in te haal nie sal Bloemfontein sy nodaliteitsrol geleidelik begin inboet. Deur opnames te maak van besighede wat goedere elders koop as in Bloemfontein kan besigheidskamers nuwe geleenthede skep vir die stad se besigheidsektor. Die koopkrag van die swart gemeenksap sal steeds toeneem en dié van die blankes verbysteek. Hierin alleen is groot geleenthede opgesluit vir Bloemfontein om 'n beduidende streekfunksie te vervul.

21.74 4. Die algemene gehalte van besighede se dienslewering in Bloemfontein laat nog veel te wense oor. In die motorhandel neem voertuiginstandhoudingsdienste veel langer as wat die kliënt redelikerwyse kan verwag. Vir die besoekende motoris is so iets 'n beproewing. Die verlengde dienstye ontstaan uit die diensmonopolie waaraan sekere populêre motors onderhewig is. Die instandhoudingspersoneel is nie in staat om die groot aanvraag vir dienste in 'n redelike tyd af te handel nie. Dit kan 'n besoekende motoris verplig om 'n nag in Bloemfontein oor te bly. Alle kostes in aggenome sou dit voordeliger gewees het om vir een dag Johannesburg of Welkom te besoek vir sulke roetine dienste en gepaardgaande inkope.

21.75 5. Wat grootskaalse voedselaankope en noodsaaklike mediese dienste betref vervul Bloemfontein 'n belangrike nodale funksie soos wat die nommerplaatopnames aandui. Nie net is die groter verskeidenheid van voedselsoorte teen redelik pryse 'n groot aantrekkingskrag nie, maar die vraag na die voorsiening van noodsaaklike en ingewikkelde mediese prosedures kan slegs deur die stad aan voldoen word. (Sien opname van gespesialiseerde mediese dienste.)

**DEEL 7**

**MENINGS**

M.21.1 Die nodaliteitsfunksie van Bloemfontein moet nie eensydig gesien word nie. Net soos die streek afhanklik is van die funksies wat Bloemfontein in daardie streek lewer net so is Bloemfontein op sy beurt afhanklik van die vergoeding wat uit die streek kom t.o.v. goedere en dienste wat gelewer is.

M.21.2 Die lewering van dienste en goedere aan Bloemfontein se omland moet nie as vanselfsprekend geag word nie aangesien daar nou ander faktore in die voorsieningsdienste na vore gekom het wat geykte patrone van dienslewering nadelig kan beïnvloed, nl. die uitgebreide netwerk van koerierdienste wat vanuit Johannesburg in konkurrensie met tradisionele leweringspatrone vanuit Bloemfontein gaan. Sulke koerierdienste kan goedere aflewer een dag nadat dit per faksimilee-apparaat bestel is. Dit beteken dat Bloemfontein nie meer die "naaste" of "snelste" bron van voorsiening is nie.

M.21.3 Aangesien Bloemfontein se rol afhanklik is van die integriteit van sy streekgrense moet politici hulle beywer vir die behoud van die tradisionele grense met die moontlike inlywing van Qwa Qwa. Die behoud van tradisionele grense sal ook algemene politieke bestendigheid in die hand werk. In enige onderhandelingsproses sal die kwessie van die sg. "verowerde gebied" 'n kwelvraag bly. Die behoud van hierdie gebied is egter belangrik as 'n vrugbare landbougebied en is al as die land se broodmandjie beskryf.

M.21.4 Enige Staatkundige bedeling wat sterk streekregering sal meebring sal beteken dat Bloemfontein nog belangriker gaan word as 'n streeknodus. Die feit dat verskeie provinsiale funksies weer deur die Staat oorgeneem is behoort in enige nuwe bedeling reggestel te word. Die sg. streekshoofstede kan 'n aansienlike vermeerdering van gesag en status impliseer wat net die stad en die streek ten goede sal strek.

M.21.5 Daar behoort vanuit die besigheidsektor van Bloemfontein 'n doelbewuste poging uit te gaan om te verseker dat afleweringspatrone nie die stad se winsgewendheid as sakesektor sal aantas nie. Hiervoor sal uitgegaan moet word op 'n sake-werwingsveltog om potensiële verliese na ander handelsentra teen te werk.

M.21.6 Die Stadsraad sal hom vir die voorsiening van gespesialiseerde fasiliteite vir sport en kongresse, moet beywer. Wat sport betref is 'n ruim binnenshuise sportgebou onontbeerlik. Dit sal die beoefening van sport in 'n aangename binnenshuise klimaat moontlik maak veral in die Vrystaat se ongunstige winters. Ook vir sport kan Bloemfontein 'n streeksentrum vir geordende sport reg deur die jaar word.

M.21.7 Die belangrikheid van die historiese besienswaardighede van Bloemfontein verdien ook in reisbrosjures beklemtoning. Die Vrystaat se geskiedenis is grotendeels sigbaar in Bloemfontein se verklaarde gedenkwaardighede.

BYLAE A DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIE

(Uittreksel uit die spesiale bylae van **Die Volksblad** gedateer 12 Maart 1993.)

Van die meer sigbare aktiwiteite van die Provinsiale Administrasie van die OVS kan soos volg saamgevat word:

1. **Huisvesting en infrastuktuurdienste**

Die Direktoraat Stads- en Streekbeplanning bevorder ordelike grondbenutting en lewer stads- en streeksbeplanningadviesdienste aan alle bevolkingsgroepe. Huisvestigingsprojekte word deur die Direktoraat Fisiese Ontwikkeling van die PAO bevorder.

2. **Pensioene**

Die PAO hanteer maandeliks die uitbetaling van R27 000 000 se pensioene en toelaes. Die Direktoraat Gemeenskapswelsyn betaal ouderdomspensioene, oudstryderspensioene, onderhoudstoelaes en pleegsorgtoelaes. Vakkundige welsynsdienste lewer dienste t.o.v. rehabilitasie van alkohol- en dwelmverslaafdes, sowel as gesinsorg en psigiatriese dienste.

3. **Voedsel vir die gemeenskap**

Die Direktoraat Gemeenskapswelsyn is by die Nasionale Voeding- en Maatskaplike Ontwikkelingsprogram betrokke.

4. **Hulp tydens rampe**

Burgerlike beskerming is een van die take van die Direktoraat Plaaslike Regeringsvestiging. Nooddienste word tydens rampe gekoördineer, en burgerlike beskermingsdienste word regdeur die OVS ingestel. Die ontwikkeling en instandhouding van plaaslike regering en administrasie ressorteer ook onder hierdie Direktoraat.

5. **Noodsaaklike dienste**

Die Direktoraat van Fisiese Beplanning koördineer en voorsien oorhoofse bestuur t.o.v. noodsaaklike dienste soos riooluitvalwerke wat deur ander instansies befonds word soos die Nasionale Behuisingskommissie.

6. **Ontspanningsoorde**

Die Direktoraat Fisiese Beplanning beywer hom vir die ontwikkeling van ontspanningsoorde deur die hele Vrystaatstreek.

7. **Bestuur van dorpe sonder outonome plaaslike owerheidsliggame**

Die Direktoraat Dorpsadministrasie bestuur dorpe soos Botshabelo naby Bloemfontein en Tshiame naby Harrismith.

8. **Gesondheidsdienste**

Net vier private hospitale bestaan in die OVS. Die ander 30 hospitale word deur die tak Gesondheidsdienste van die PAO bedryf. Sowat 250 000 binne-pasiënte en 900 000 buite-pasiënte word jaarliks in die hospitale behandel. Vier van die hospitale is akademiese hospitale nl. Universitas, Nasionaal, Oranje en Pelonomi. By die Oranje-hospitaal word spesiale psigiatriese dienste gelewer. Die hospitale beskik oor die dienste van 400 dokters, 550 paramedici en meer as 3 000 verpleegsters. Altesaam 17 Vrystaatse dorpe (uitgesonderd Bloemfontein, Bethlehem, Kroonstad en Welkom) beskik oor gemeenskapshospitale. Ten einde verpleegsters op te lei word twee verpleegsterskolleges in Bloemfontein bedryf.

9. **Biblioteekdienste**

Sedert Januarie 1991 is 33 openbare biblioteekgeboue benewens die drie streekbiblioteke van Bloemfontein, Bethlehem en Kroonstad in die OVS in gebruik geneem. In die geheel word meer as 4,2 miljoen boeke in die streek beskikbaar gestel.

10. **Museumdiens**

Benewens die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein is die PAO betrokke by streek- en provinsiale museums bv. die Voortrekkermuseum by Winburg, die ou Presidensie en die Hertzoghuismuseum en gemeenskapsmuseums te Bethulie, Boshof, Ficksburg, Heilbron, Kroonstad, Ladybrand, Parys, Philippolis, Smithfield en Welkom.

11. **Natuur en Omgewingsbewaring**

Vyftien natuurreservate word o.m. deur die Direktoraat Natuur- en Omgewingsbewaring behartig, o.a. die wildtuin Willem Pretorius en Tussen die Riviere waar jagpakette aangebied word.

12. **Hoofdirektoraat : Paaie**

Die instelling en instandhouding van 'n doeltreffende padverbindingstelsel is 'n belangrike PAO-funksie. 'n Totaal van 48 032 km se paaie moet in stand gebou word met 'n jaarlikse begroting in 1992/1993 van R121 399 000.

13. **Sub-direktoraat Inspeksiedienste**

Inspeksiedienste is gemoeid met padveiligheid en padwaardigheid van motorvoertuie. Die inspeksiedienste behartig ook hondebelasting, winkelure, perdewedrenne, skutte en vermaaklikheidsbelasting.

BYLAE B DEPARTEMENT ONDERWYS EN KULTUUR

Onderwysaangeleenthede wat vroeër onder die Provinsiale Administrasie geressorteer het is onlangs weer 'n funksie van die Sentrale Regering gemaak. Die departement behartig die volgende aspekte:

1. Onderwysersopleiding
   Die Bloemfonteinse onderwyskollege bied opleiding vir primêre en pre-primêre onderwys (240 voltydse studente).

2. Pre-Primêre onderwys. 79 Skole wat die streek bedien.

3. Primêre Onderwys

4. Sekondêre Onderwys

5. Buitengewone Onderwys. Vyf skole bied onderrig aan 917 leerlinge waaronder twee skole vir verstandelik erg gestremde leerlinge en een skool vir serebraal-gestremde leerlinge.

'n Groottotaal van 318 skole word deur die departement in die streek behartig. Die groottotaal van leerlinge in alle skole beloop 80 957.

Die aantal leerkragte in alle skole beloop 4 166.

'n Groot aantal skole bied ook koshuisgeriewe aan.

BYLAE C DIE APPèLHOF

Die Appèlhof behels meer as 'n streekfunksie insoverre dit 'n appèlhof vir die hele land is. In terme van 'n funksionele verdeling met Uniewording in 1910 het Bloemfontein die geregtelike hoofstad van die RSA geword op 'n gelyke grondslag met die wetgewende gesag in Kaapstad en die uitvoerende gesag van Pretoria. Die Appèlhof in Bloemfontein is die sentrum vir die beslegting van alle hooggeregshofsake wat op appèl na hom verwys is. Dit bring mee dat die advokate kontingent getallegewys hierdie bykomende funksie moet bedien. Die Appèlhof is in 1929 opgerig met 'n argitektoniese boustyl wat klassieke elemente beliggaam en deel uitmaak van die verklaarde bewaringsgebied van Pres. Brandstraat.

BYLAE D DIE WEERBURO

Die Weerburo, as 'n onderdeel van die Departement Omgewingsake verrig 'n belangrike streekfunksie in die versamel en aanteken van weerkundige data. Sulke data is belangrik vir bewyslewering van uitermatige ongunstige weer wanneer daar in die boubedryf om die verlenging van die kontraktydperk geëis word. Die voorsiening van weerdata aan lugdienste en private vlieëniers is ook 'n baie belangrike funksie vir die hele streek.

## BYLAE E STREEKDIENSTERADE

Streekdiensterade is outonome, veelrassige en statutêre liggame wat gerig is op die ontwikkeling en voorsiening van plaaslike owerheidsdienste op 'n streekgrondslag. Befondsing van hierdie liggame (waarvan daar twee in die OVS is) geskied d.m.v. heffings wat geplaas word op die omset van besighede. Hierdie inkomstes stel die rade in staat om noodsaaklike dienste te lewer aan plaaslike gemeenskappe binne die streeksverband. (Vir detailinligting sien die Bylae tot **Die Volksblad** van Vrydag 27 November 1992.)

BYLAE F VERVOER


Die nodaliteit van Bloemfontein word verder onderstreep deur die uitgespreide netwerk van spoor en lugdienste. In 1929 het vliegtuie van die Union Airways op pad tussen Johannesburg en Port Elizabeth op die ou Tempe lughawe aangedoen. In 1936 is 'n nuwe SAL diens ingestel tussen Kaapstad en Johannesburg met twee vlugte per week in elke rigting.

Tans is die aantal vlugte **per week** vanuit Bloemfontein soos volg:

| | |
|---|---|
| Na Kaapstad | 10 Vlugte |
| Na George | 1 Vlug |
| Na Johannesburg | 23 Vlugte |
| Na Kimberley | 9 Vlugte |
| Na Port Elizabeth | Slegs via Johannesburg of Kaapstad |
| Na Upington | 2 Vlugte |

Wat paaie betref het die nuwe stelsel van Nasionale Paaie Bloemfontein die spil van die land se paaiestelsels gemaak.

Annexure "C"




WELKOM SE INVLOEDSFEER OP SY OMGEWING